
# 112 Ek wil graag wees soos Jesus




Ek wens dat ek, soos Jesus,
die drang ook kan besit,
om eensaam op die berge,
die Vader te aanbid.

Ek wil graag wees soos Jesus,
as my ‘n vyand haat;
Hy bid vir sy vervolgers,
vergeld hul goed vir kwaad.

Ek wil graag wees soos Jesus,
vol ywer en vol moed;
steeds aan Hom onderworpe,
sy wil my hoogste goed!

Maar ek is nie soos Jesus,
dit sien elkeen aan my;
o, help my, liewe Heiland,
my U geheel te wy!

Onbekend Onbekend